# Resensies/Reviews

**ROSSOUW G.J. 1992. Dink vaardig: Inleiding tot akademiese vaardighede.** Pretoria : RGN-Uitgewers. 121 p.

**Resensent**: Annette L. Combrink (Departement Engels, PU vir CHO)

Hierdie bundel is saamgestel uit opstelle deur G.J. Rossouw, H.P.P. Lötter, P. Serfontein, J.J. Snyman en P.J. van Veuren, almal filosowe. Die trefkrag van die bundel is egter veel wyer en die teikenlesers sluit meer in as net filosowe en hulle studente. Hierdie publikasie is reg in die kol vir ernstige akademici wat betrokke is by die opleiding van die akademici van môre en oormôre. In die afgelope tyd is heelwat gewag gemaak van BA-studie en die relevansie en dies meer van BA-studie, en die enkele grootste saak wat in dié verband aandag geniet is die kwessie van denk- en skryfvaardighede.

Die redakteur sê in die Inleiding dat in die "inligtingsdekade", die negentigerjare van die huidige eeu, "inligting ... nie alleen inhoudelik goed moet wees nie, maar dat dit ook netjies verpak, helder en gebruikersvriendelik moet wees" (p. 1). Met die oog op hierdie uiteindelike doelstelling word die onderhawige teks ingerig om eerstens die klem te laat val op die denkvaardighede wat die leser of skrywer van (filosofiese) tekste moet bemeester, tweedens op 'n reeks strategieë vir die lees en skryf van tekste, en derdens op die ekstrapolering, die verdere gebruik van die betrokke vaardighede.

Die skrywers het duidelik beplan om in hoofsaak filosofiestudente te betrek, maar die boek se waarde en impak is veel wyer. Die redakteur sê dan ook in die laaste deel van die Inleiding dat in 'n publikasie van die American Philosophical Association aangetoon is dat die bemeestering van die soort vaardighede wat in 'n boek soos *Dink Vaardig* behandel word

> ... 'n mens in staat stel om onder meer die volgende te doen: Dit stel jou in staat om navorsing te doen en inligting te versamel en te organiseer in 'n wye verskeidenheid van vakgebiede. Dit help jou om helder en effektief te skryf. Dit bevorder beide skriftelike en mondelingse kommunikasie. Dit lei tot die generering van kreatiewe idees. Dit help met die formulering en oplossing van probleme. Dit help met die identifisering van versweë aannames en met die artikulering van alternatiewe perspektiewe op 'n saak. Dit help jou om ander mense van nuwe of onbekende idees te oortuig. Dit stel jou in staat om komplekse idees op te som sonder oorvereenvoudiging. Dit help jou om diverse data te integreer en te verduidelik met behulp van bruikbare analogieë. Dit vergemaklik aanpassing by onbekende omstandighede. Boonop stel dit jou in staat om die kennis waaroor jy beskik effektief en ekonomies aan ander oor te dra (p. 3).

Die bundel is uiters verstaanbaar geskryf en logies georganiseer – dus 'n illustrasie van die helderheid van denke en "gebruikersvriendelikheid" wat die skrywers as uitgangspunt gekies het. Die verskillende afdelings is die volgende:

* **"Begrippe, betekenis en definisie"**

Hierdie eerste afdeling deur G.J. Rossouw pak al die *issues* op die tafel uit en bied op 'n helder en eenvoudige wyse riglyne vir die hantering van betekenisprobleme. Dit sluit af met die cliché maar waar opmerking dat "netjiese denkwerk weerspieël word in netjiese woordgebruik" (p. 16).

* **"Lees, verstaan en beoordeel filosofiese tekste"**

In hierdie afdeling, deur H.P.P. Lötter, lei die skrywer die leser deur die teks met die opdrag om die skrywer se patroon vas te stel – na aanleiding van besluite oor die skrywer se oorspronklike bedoeling. Hierna word studente gelei deur gevolgtrekkings, ontleding van argumente, redes (premisse), opsporing van aannames, ens.

* **"Lees rekonstruktief"**

In hierdie afdeling deur P.J.J. van Veuren word verwys na die beste manier om dié soort tekste te lees, naamlik analities, sinteties, en deur toe-eiening (evaluasie). Dié afdeling bevat 'n uiters waardevolle praktiese demonstrasie van die beginsels van lees met begrip. Hierdie afdeling word opgevolg in die vierde afdeling met 'n (soms kostelike) hantering van drogredenasies van irrelevansie en drogredenasies van onvoldoende bewys.

Hierdie eerste, meer *filosofiese* afdeling word afgerond met algemene studievaardighede.

* "Die navorsingsproses" (deur H.P.P. Lötter) bevat 'n deeglike uiteensetting van die proses van (geesteswetenskaplike) navorsing, en dit word goed gesteun deur "Die bibliografiese soektog" en "Bibliografie en bronverwysings" (deur P. Serfontein), die "Skryf van 'n filosofie-opstel" en "Tipes opstelle in die filosofie" (deur J.J. Snyman), "Studiebestuur" (H.P.P. Lötter), "Tydbestuur" (deur G.J. Rossouw) en uiteindelik "Filosofie in die eksamen" (deur J.J. Snyman). Hierdie hoofstukke is almal ook van toepassing op ander vakke in die geesteswetenskappe, en ondervang die meeste van die probleme wat die dosent wat bekommerd is oor goeie doseerwerk graag aansny.

Die bundel is uiteraard redelik eenvoudig, synde ingestel op die voorgraadse (maar nie uitsluitlik voorgraadse!) student, maar die reeks vaardighede wat hier behandel en ingeoefen word, is tersake vir alle geesteswetenskaplike studente.

Op die keper beskou, 'n uiters waardevolle publikasie dus – 'n publikasie wat ryklik verdien om in Engels vertaal te word en so beskikbaar te raak vir 'n veel wyer (en uiteindelik dankbare) leserspubliek.

**VAN DER WALT, P.D. 1992. Gerrit Dekker, Christen-literator.**
Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studie. 77 p. Prys: R8,00.

**Resensent**: Annette L. Combrink (Departement Engels, PU vir CHO)

Hierdie werkie (deel van die IRS se reeks *Moderne Reformatoregalery*) word deur die skrywer self afgemaak as slegs 'n voorloper vir 'n omvangryker, indringender en vollediger studie. Die skrywer voer ook aan dat, "Om 'n waardige biografie te skryf moet 'n mens skoling ten opsigte van dié moeilike genre hê, selfs talent, en jy moet die tyd hê om toegewyde navorsing oor die onderhawige onderwerp te kan doen. Vir geeneen van hierdie vereistes kwalifiseer die skrywer hiervan nie – slegs wat betref eerbied en geneentheid teenoor die mentorfiguur van prof. dr. Gerrit Dekker" (1992:1).

Die boek is gerig op die gewone leser, en die skrywer beklemtoon dat hy net "die punt van die sluier op een faset van 'n veelsydige mens gelig [het]: Christen-literator, reformator in sy eie besondere arbeidsveld" (1992:1).

Die boek is opgedeel in 8 hoofstukke, en sluit af met 'n baie waardevolle lys publikasies wat deur sy seun, prof. Leendert Dekker, saamgestel is. Hierdie lys, wat die resultaat van wye navorsing is, en wat 'n omvangryke veld dek, is reeds uiters waardevol vir die Dekker-navorser.

Die hoofstukkies is kort en uit die aard van die saak dikwels anekdoties en hoogs persoonlik van aard. Dit is egter altyd leesbaar en open bruikbare leesareas: die verwysing na die impak van sy intreerede, "Die Impressionisme in die Nederlandse letterkunde" (hoofstuk 2), is baie tersaaklik in die lig van die feit dat dit iets van 'n beleidsverklaring was. Die bespreking van sy publikasieloopbaan (hoofstuk 3) is insiggewend - sommige van hierdie werke is inderdaad ankers in die Afrikaanse literatuurwêreld. Die rol wat hy as Calvinis gespeel het in die debat om kuns en wêreldbeskouing word redelik indringend behandel (hoofstuk 4). Die rol van Dekker die kritikus (hoofstuk 5) kry ook heelwat aandag, en daar word tereg daarop gewys dat Dekker as Renaissance-figuur getipeer kan word op grond van die aard en omvang van sy belangstellings, en sy wye belesenheid in 'n verskeidenheid velde. Sy werk as voorsitter van die Publikasieraad (hoofstuk 6)

word ook onder die loep geneem en die skrywer eindig hierdie afdeling met 'n sterk huldeblyk in Milton se woorde: " ... a man above the common measure, both studious, learned and judicious" (1992:40). In hoofstuk 7 word aandag gegee aan wat die skrywer "neweprodukte" noem - veral sy werk as reviseur van die 1936-uitgawe van die Psalms, en dan sy werk rondom die skone kunste. Die laaste hoofstuk is weer eens 'n sterk persoonlike vertelling rondom die laaste jare van prof. Dekker, en die vele huldigings wat hom te beurt geval het.

Vir Dekker-aanhangers is die boekie onmisbare leesstof - en ander lesers sal dit ook baie bruikbaar vind. Dit is nie 'n akademiese geskrif nie, maar kan navorsers wel op die spoor van materiaal plaas. Die toonaard is deurgaans sterk persoonlik en anekdoties, maar vir iemand wat self by prof. Dekker klasgeloop het en sy droë sin vir humor ervaar het, is dit verkwiklike leesstof, en verdien dit 'n wyer gehoor.